

**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA****Maatskappye Wet, 71 van 2008 (soos gewysig)****AKTE VAN OPRIGTING VAN 'N MAATSKAPPY SONDER  
WINSOOGMERK MET STEMREG VIR LEDE**

---

**NAAM VAN MAATSKAPPY : PRO LIBERIS****REGISTRASIENOMMER : 1995/12111/08**

---

**PRO LIBERIS h/a LEEUVENHOF AKADEMIE****("die Maatskappy")**

Pro Liberis h/a Leeuwenhof Akademie dryf handel as 'n skool, met opleiding hoofsaaklik in Afrikaans en volgens die beginsels van die Christelike geloof, waardes en etos.

Die Maatskappy was voorheen opgerig as 'n maatskappy ingevolge die bepalings van Artikel 21 van die Maatskappiewet, 61 van 1973.

Die Maatskappy aanvaar hierdie Akte van Oprigting ingevolge 'n Spesiale Besluit geneem deur die Lede van die Maatskappy op 7 Augustus 2012 tydens hul Ledevergadering ter vervanging van die huidige Akte van Oprigting.

## INHOUDSOPGAWE

|   |    |
|---|----|
| <b>INLEIDING</b> .....  | 3  |
| <br>  |    |
| <b>Artikel 1 – Oprigting en Aard van die Maatskappy</b>             |    |
| 1.1 Oprigting.....  | 4  |
| 1.2 Doelwitte en Magte van die Maatskappy .....                     | 4  |
| 1.3 Akte van Oprigting en Doelwitte/Beleid van die Maatskappy ..... | 6  |
| 1.4 Nie-verpligtende voorwaardes : Artikel 34 van die Wet .....     | 7  |
| 1.5 Lede van die Maatskappy .....                                   | 7  |
| <br>  |    |
| <b>Artikel 2 – Magte van Lede</b>                                   |    |
| 2.1 Lede se magte om op te tree .....                               | 8  |
| 2.2 Lede se reg tot inligting .....                                 | 9  |
| 2.3 Verteenwoordiging deur konkurrente gevolmatigdes .....          | 9  |
| 2.4 Magte van gevolmagtigde om te delegeer .....                    | 9  |
| 2.5 Vereiste om volmag aan die Maatskappy te lewer.....             | 9  |
| 2.6 Gevolmagtigde se reg om te stem.....                            | 9  |
| 2.7 Vasgestelde datum vir die Lede om hulle regte uit te oefen..... | 10 |
| <br>  |    |
| <b>Artikel 3 - Ledevergaderings</b>                                 |    |
| 3.1 Vereiste om vergaderings te hou.....                            | 10 |
| 3.2 Lede se reg om 'n vergadering te belê.....                      | 10 |
| 3.3 Ligging van Ledevergaderings.....                               | 10 |
| 3.4 Kennisgewing van Ledevergaderings.....                          | 11 |
| 3.5 Elektroniese deelname in Ledevergaderings.....                  | 11 |
| 3.6 Kworum vir Ledevergaderings.....                                | 11 |
| 3.7 Uitstel van Ledevergaderings.....                               | 11 |
| 3.8 Besluite deur Lede.....   | 11 |
| <br>  |    |
| <b>Artikel 4 – Direkteure en Beamptes</b>                           |    |
| 4.1 Samestelling van die Direksie.....                              | 12 |
| 4.2 Magte van die Direksie.....                                     | 14 |
| 4.3 Direksie vergaderings.....                                      | 14 |
| 4.4 Beamptes en Komitees.....                                       | 14 |
| <br>  |    |
| <b>Artikel 5 – Algemene Voorwaardes</b>                             |    |
| 5.1 Openbare Wins Instansie.....                                    | 15 |
| 5.2 Kennisgewing.....   | 15 |
| 5.3 Gesertifiseerde afskrif van Akte.....                           | 15 |
| 5.4 Oplossing van Geskille.....                                     | 15 |

## INLEIDING

### Naam:

- 1 Die naam van die Maatskappy is **PRO LIBERIS**, hierin na verwys as “die Maatskappy”.
- 2 Die Maatskappy is ‘n maatskappy sonder winsoogmerk met stemreg vir lede.
- 3 In hierdie Akte van Oprigting-
  - (a) verwysing na ‘n artikel nommer verwys na die ooreenstemmende artikel van die Maatskappywet, 2008;
  - (b) woorde omskryf in die Maatskappywet, 2008 dra dieselfde betekenis in hierdie Akte as in daardie Wet; en
  - (c) die volgende woorde sal die volgende betekenisse dra:
    - (i) “**Wet**” beteken die Maatskappywet 71 van 2008 soos gewysig van tyd tot tyd;
    - (ii) “**Direksie**” beteken die Direkteure van die Maatskappy;
    - (iii) “**besigheidsdae**” beteken alle skooldae waarop ‘n skoolvakansie nie val nie;
    - (iv) “**Gedragskode**” beteken ‘n Gedragskode vir Direkteure soos aangeneem en gewysig van tyd tot tyd;
    - (v) “**Maatskappy**” beteken Pro Liberis, registrasienommer 1995/12111/08;
    - (vi) “**Lede**” soos omskryf in Artikel 1.5 beteken enige ouer of wettige voog of beskermheer van enige kind wat by die Maatskappy ingeskryf is, welke Lid ‘n stemreg sal hê as ‘n Lid ingevolge die bepalings van die Wet, maar onderhewig aan die beperkings vervat in hierdie Akte;
    - (vii) “**Akte**” beteken hierdie Akte van Oprigting.

Die Skedules aangeheg tot hierdie Akte vorm deel van hierdie Akte.

## **Artikel 1 – Oprigting en Aard van die Maatskappy**

### **1.1 Oprigting**

- (a) Die Maatskappy is opgerig as 'n maatskappy sonder winsoogmerk met stemreg vir lede.
- (b) Die Maatskappy is opgerig en onderworpe aan-
  - i) die onveranderbare bepalings van die Wet wat van toepassing is op maatskappye sonder winsoogmerk;
  - ii) veranderbare bepalings van die Wet wat van toepassing is op maatskappye sonder winsoogmerk, onderhewig aan enige beperking, toevoeging, wysiging of vervanging soos uiteengesit in hierdie Akte; en
  - iii) die bepalings van hierdie Akte.

### **1.2 Doelwitte en Magte van die Maatskappy**

- (a) Die doelwitte van die Maatskappy is om 'n skool te bedryf, insluitend 'n voor-, laer- en hoërskool, om opvoeding en onderrig hoofsaaklik in Afrikaans aan te bied met die behoud en bevordering van die Christelike geloof, waardes en etos en om eiendom en/of maatskappye te besit wat die doelwitte van die Maatskappy aanvul.
- (b) Die Maatskappy sal al die wettige magte en vermoë van 'n individueel hê vanaf die registrasiedatum van die Akte tensy anders bepaal in hierdie Akte.
- (c) Die volgende aanvullende magte word ook aan die Maatskappy verleen:
  - i) Om ander maatskappye met soortgelyke doelwitte op te rig en/of namens die Maatskappy bates te hou indien die Direksie van mening is dat dit voordelig is vir die Maatskappy.
  - ii) Om saam te smelt met ander maatskappye wat oor soortgelyke doelwitte beskik.
  - iii) Om deel te neem in die bestuur, beheer of aktiwiteite van enige ander maatskappy of entiteit wat 'n besigheid met soortgelyke doelwitte as die Maatskappy bedryf en om vennootskappe of samewerkingsooreenkomste met hulle aan te gaan.

- iv) Om enige derdeparty, uitsluitend Direkteure van die Maatskappy, te vergoed vir hul dienste gelewer aan of namens die Maatskappy.
  - v) Om skenkings te maak aan enige derdeparty, uitsluitend die Direkteure van die Maatskappy.
  - vi) Om alle stappe te neem en enige fondse (pensioen of andersins) te stig namens die kinders wat ingeskryf is by die Maatskappy en/of onderwysers/ onderwyseresse in diens van die Maatskappy.
  - vii) Om slegs in Afrikaans met die Lede te kommunikeer.
  - viii) Die Direksie word gemagtig om alle nodige stappe te neem vir die Maatskappy of hul filiale om onroerende eiendom aan te koop en daardie eiendom te verbeter en/of te vergroot met dien verstande dat enige aankoop en/of verbetering binne die doelwitte en magte van die Maatskappy val.
- (d) Die aanvullende magte verleen aan die Maatskappy mag slegs uitgeoefen word indien die Lede die Direksie daartoe magtig.
- (e) Die Maatskappy is onderhewig aan die bepalings vervat in Artikel 5(2)(b) of (c):
- i) Hierdie Akte bevat beperkende voorwaardes wat van toepassing is op die Maatskappy en enige verandering van sodanige voorwaardes addisioneel tot die vereistes vervat in Artikel 16 van die Wet is ingesluit in hierdie Akte.
  - ii) Hierdie Akte mag slegs gewysig word om aan 'n hofbevel te voldoen.
  - iii) Die hofbevel moet verkry word ingevolge 'n besluit geneem deur die Direksie en geen spesiale besluit sal vereis word nie.
  - iv) Die Maatskappy moet 'n Kennisgewing van Wysiging liasseer ten opsigte van enige voorgenome wysiging van hierdie Akte tesame met die voorgeskrewe foie daaraan verbonde.
  - v) Die Kennisgewing van Wysiging waarna verwys word hierbo is ook van toepassing indien hierdie Akte in sy geheel vervang word met 'n nuwe akte.
  - vi) Indien enige wysiging hierdie Akte verander, moet die Maatskappy 'n afskrif aan die Kommissie voorlê, welke Kommissie mag vereis

dat die Maatskappy 'n volledige kopie van die Akte liasseer binne 'n redelike tydperk.

vii) Hierdie Akte mag gewysig word deur middel van 'n Spesiale Besluit indien dit voorgestel word deur:

- Die Direksie; of
- Lede wie gemagtig is om ten minste 10% van die stemreg van Lede uit te voer en dit aangeneem word as 'n Spesiale Besluit tydens 'n Ledevergadering.

(f) Indien die Maatskappy ontbind word, moet die Maatskappy se netto bates soos volg verdeel word:

i) die geheel van die netto bates nadat die Maatskappy (en sy affiliate) se kostes betaal is, moet uitgedeel word aan een of meer maatskappye sonder winsoogmerk wat besigheid doen binne die Republiek, of aan enige vrywillige instansies of aan 'n trust sonder winsoogmerk:

ii) wat sorgelyke doelwitte het as dié van die Maatskappy se hoof doelwit en soos bepaal:

- ingevolge die Maatskappy se Akte;
- deur die Maatskappy se lede, indien enige, of sy Direkteure, tydens of onmiddelik voorafgaande die ontbinding van die Maatskappy; of
- deur 'n hof indien die Akte, die Lede of die Direkteure versuim om so 'n beslissing te maak.

iii) Die Maatskappy is verplig om kennis van die voorgenome ontbinding in die Staatskoerant te plaas.

iv) Die Maatskappy moet voldoen aan die oorblywende bepalings van die Wet.

### **1.3 Akte van Oprigting en Maatskappy Reëls/Beleid**

(a) Hierdie Akte mag slegs gewysig word ingevolge die bepalings van Artikels 16, 17 of 152(6)(b) van die Wet.

(b) Die Direksie is gemagtig om reëls en 'n beleid te maak rakende die bestuur van die Maatskappy en enige aspek wat nie spesifiek in

hierdie Akte aangeraak word nie, en om sulke reëls en beleid te verander of op te hef. Sulke reëls en beleid sal bekend gemaak word:

- i) op die Maatskappy se webwerf; en
  - ii) per e-pos gestuur word aan alle dienende Direkteure; en
  - iii) beskikbaar wees vir insae deur enige Lid by die Maatskappy se hoof plek van besigheid.
- (c) Alle reëls en beleid wat oorweeg word moet ooreenstem met die Wet en hierdie Akte en sal in werking tree op die datum soos uiteengesit in die reel, of binne 10 (tien) dae vanaf bekendstelling daarvan.
- (d) Hierdie reëls en beleid sal geldig wees tot die volgende Algemene Ledevergadering van die Maatskappy en permanent daarna sodra dit bekragtig word deur 'n Gewone Besluit tydens 'n Ledevergadering, indien vereis.
- (e) Die bepalings van Artikel 15 van die Wet sal van toepassing wees.

#### **1.4 Nie-verpligtende bepalings : Artikel 34 van die Wet**

- (a) Die Maatskappy verkies om ge-oudit te word tensy anders besluit word deur die Lede by wyse van 'n Gewone Besluit. Hierdie keuse sal van krag wees tot die volgende Algemene Ledevergadering, waarna die Lede jaarliks sal besluit of die Maatskappy die daaropvolgende jaar ge-oudit moet word.
- (b) Die Maatskappy is onder geen verpligting om te voldoen aan die uitgebreide aanspreeklikheid vervat in Hoofstuk 3 van die Wet nie. Dit is nie 'n vereiste dat die Maatskappy onderwerp word aan 'n onafhanklike hersiening van hul Jaarlikse Finansiële State nie.
- (c) Die Maatskappy mag, by wyse van 'n Gewone Besluit geneem deur sy Lede, vereis om vrywillig onderworpe te wees aan die bepalings van Hoofstuk 3 indien dit so besluit word tydens 'n Algemene Ledevergadering. So 'n besluit sal egter nie 'n wysiging van hierdie Akte daarstel nie.

#### **1.5 Lede van die Maatskappy**

- (a) Die Lede van die Maatskappy word na verwys as die "Lede" in hierdie Akte.

(b) Die Lede is almal in 'n enkele klas en is geregtig om as volg te stem:

- i) Elke ingeskrewe kind sal oor een stemreg beskik, welke stemreg uitgevoer sal word deur 'n Lid wat teenwoordig is, of by wyse van 'n volmag.
- ii) 'n Lid moet 'n ouer, voog of beskermheer van 'n ingeskrewe kind wees. Alhoewel beide ouers, voogde of bekermheers lede is, mag slegs een stemreg per kind uitgeoefen word. Indien daar 'n geskil is oor welke Lid geregtig is om te stem, sal die Lid wie die skoolfooie betaal (of die grootste gedeelte daarvan) geregtig wees om die stemreg uit te oefen.
- iii) 'n Lid sal nie 'n stemreg hê per kind indien:
  - die kind nie ingeskryf is by die Maatskappy nie; of
  - die kind geskors is ten tye van die stemming;
  - die Lid agterstallig is vir meer as 60 (sestig) dae met betaling van skoolfooie.
- iv) Indien 'n kind geskors is en 'n appél hangend is, of indien 'n Lid vir meer as 60 (sestig) dae agterstallig is met die betaling van skoolfooie, kan die Lid skriftelike toestemming van die Direksie 7 (sewe) dae voor die vergadering verkry waarin hul gemagtig word om te stem. Enige versoek aan die Direksie moet in skrif gestel word.
- v) Die dienende Voorsitter van die Direksie sal die finale beslissing maak oor welke Lid geregtig is om te stem tydens 'n Ledevergadering indien 'n dispuut ontstaan tussen die Lede.

## **Artikel 2 – Magte van Lede**

### **2.1 Lede se magte om op te tree**

Indien 'n Lid van die Maatskappy ook 'n Direkteur is van die Maatskappy soos bepaal in Artikel 57(4), word die Lede se magtiging om op te tree sonder kennisgewing of ooreenkomstig enige ander interne formaliteite soos uiteengesit in daardie artikel beperk soos volg:

- (a) Die Lid mag slegs die Maatskappy verbind indien hy/sy deur die Direksie gemagtig word daartoe.



- (b) Die Lid sal te alle tye onderworpe wees aan die Gedragskode wat van toepassing is op Direkteure, sowel as aan die voorwaardes wat betrekking het op die Direkteure soos vervat in die Wet.

## **2.2 Lede se reg to inligting**

Lede is geregtig op insae tot die volgende Maatskappy dokumente:

- i) die Maatskappy se Akte en enige wysigings, sowel as enige reëls neergelê deur die Maatskappy;
- ii) Besluite geneem deur Direkteure;
- iii) die Maatskappy se finansiële state;
- iv) Notules van Algemene Vergaderings;
- v) 'n Lys van die Maatskappy se Lede en/of Direkteure;
- vi) Gedragskode vir Direkteure.

## **2.3 Verteenwoordiging deur konkurrente volmagte**

- (a) 'n Lid se reg om persone aan te stel as konkurrente gevolmagtigdes is beperk, aangesien 'n volmag slegs aan 'n ander Lid gegee kan word en vir 'n spesifieke vergadering.
- (b) 'n Geskrewe volmag in die formaat soos bepaal in Skedule 1 van hierdie Akte moet duidelik aantoon aan wie die volmag gegee is, vir watter besluit die volmag gegee is en hoe die gevolmagtigde moet stem.

## **2.4 Magtiging van gevolmagtigde om af te vaardig**

'n Lid se gevolmagtigde mag nie die magte afvaardig na 'n ander persoon nie.

## **2.5 Vereiste om volmag aan die Maatskappy te lewer**

'n Volmag moet aan die Maatskappy oorhandig word ten minste 24 (vier en twintig uur) voor die aanvang van die vergadering.

## **2.6 Gevolmagtigde se reg om te stem**

- (a) Die Lid mag 'n gevolmagtigde die reg te gee om in hul alleen diskresie te besluit om te stem of nie.

- (b) Die Lid mag nie sulke regte afvaardig in die geval van 'n Spesiale Besluit nie en moet duidelik spesifiseer hoe die gevolmagtigde sy/haar stem moet uitoefen.

## **2.7 Vasgestelde datum vir die Lede om hulle regte uit te oefen**

- (a) Die Direksie sal ten minste 10 (tien) dae kennis van enige voorgenome vergadering aan die Lede gee.
- (b) Kennis sal gegee word:
- i) by wyse van 'n skrywe en/of kennisgewing aan 'n kind by die skool; of
  - ii) by wyse van elektroniese mededeling; of
  - iii) op enige ander manier soos deur die Direksie goedgekeur onder die omstandighede.
- (c) Die Direksie mag, in hulle alleen diskresie, die kennisgewing periode verleng, maar mag dit nie verminder nie.

## **Artikule 3 - Ledevergaderings**

### **3.1 Vereiste om vergaderings te hou**

Die Maatskappy is verplig om gedurende elke kalender jaar ten minste 1 (een) jaarlikse Ledevergadering te hou.

### **3.2 Lede se reg om 'n vergadering te belê**

- (a) Lede wat ten minste 30% van die stemreg van die Maatskappy het, is geregtig daarop om die Direksie te versoek om 'n vergadering te belê.
- (b) Die versoek moet duidelik die doel waarvoor die vergadering belê word uiteensit en ook bewys voorlê dat dit deur 30% van die stemreg van die Maatskappy gemaak is.

### **3.3 Ligging van Ledevergaderings**

Ledevergaderings mag slegs op die skool se perseel gehou word.

### **3.4 Kennisgewing van Ledevergaderings**

Daar moet ten minste 10 (tien) dae kennis gegee word van 'n Ledevergadering.

### **3.5 Elektroniese deelname in Ledevergaderings**

Die Direksie is geregtig daarop om 'n vergadering op enige manier te hou, insluitend by wyse van elektroniese medeling.

### **3.6 Kworum vir Ledevergaderings**

- (a) Die kworum vir 'n Ledevergadering is 10% van die Lede van die Maatskappy.
- (b) Die tydperke waarvoor voorsiening gemaak word in Artikels 64(4) en (5) is die volgende:
  - i) indien 'n kworum nie binne 30 (dertig) minute vanaf die geskeduleerde tyd vir 'n vergadering teenwoordig is nie, sal die vergadering sonder mosie vir 1 (een) week uitgestel word.
  - ii) die oorblywende bepalings van Artikel 64 van die Wet sal van krag wees.
- (c) Die magtiging om voort te gaan met die vergadering ten einde 'n aspek te oorweeg is nie beperk nie.

### **3.7 Uitstelling van Ledevergaderings**

Die maksimum toelaatbare period vir die uitstel van 'n Ledevergadering is 21 (een en twintig) besigheidsdae.

### **3.8 Besluite deur Lede**

- (a) Ten minste 50% van die Lede teenwoordig by 'n Ledevergadering moet 'n Gewone Besluit ondersteun vir dit om aanvaar te word.
- (b) Ten minste 70% van die Lede teenwoordig by 'n Ledevergadering moet 'n Spesiale Besluit ondersteun vir dit om aanvaar te word.
- (c) 'n Spesiale Besluit wat aanvaar is by 'n Ledevergadering word benodig om:
  - i) die Maatskappy se Akte te wysig;

- ii) toe te stem dat die Maatskappy ontbind word of vrywillig gelikwideer word;
- iii) toe te stem tot 'n samesmelting met 'n ander entiteit met dieselfde doelwitte;
- iv) toe te stem dat die Maatskappy gelikwideer word;
- v) toe te stem tot enige fundamental onderhandeling soos vervat in die Wet;
- vi) die Christelike etos van die Maatskappy te verander;
- vii) die oorheersende Afrikaans kultuur van die Maatskappy te verander;
- viii) die hoof doelwit van die Maatskappy te verander;
- ix) enige uitgawes aan te gaan wat 10% van die bruto batewaarde van die Maatskappy soos vervat in die nuutste finansiële state oorskry.

## **Artikel 4 – Direkteure en Beampptes**

### **4.1 Samestelling van die Direksie**

- (a) Daar sal 3 (drie) klasse van Direkteure wees:
  - i) *Ex officio* Direkteure, welke Direkteure die hoofde van die voorskool, laerskool en hoërskool sowel as die Uitvoerende Hoof van die skool sal wees.
  - ii) Lede-direkteure, welke Direkteure genomineer en aangestel moet word by 'n Algemene Ledevergadering. Sulke Lede moet ten tye van hul aanstelling 'n ingeskrewe kind in die skool hê.
  - iii) Gekoöpteerde Direkteure, welke Direkteure deur die Direksie gekoöp sal word vir 'n spesifieke doel, of vir 'n spesifieke taak, of vir 'n tydperk wat nie 3 (drie) jaar sal oorskry nie.
- (b) Die Direksie van die Maatskappy se ledetal sal 'n minimum van 11 (elf) Direkteure wees wat die skool en Lede verteenwoordig, welke Direkteure aangestel sal word soos hieronder uiteengesit:
  - i) 3 (drie) skoolhoofde wat die voorskool, laerskool en hoërskool onderskeidelik sal verteenwoordig;

- ii) 1 (een) Uitvoerende Hoof (indien van toepassing);
  - iii) 7 (sewe) Lede om genomineer en verkies te word om die skole in die Maatskappy te verteenwoordig;
    - 1 (een) Direkteur om die voorskool te verteenwoordig;
    - 3 (drie) Direkteure om die laerskool te verteenwoordig; en
    - 3 (drie) Direkteure om die hoërskool te verteenwoordig.
- (c) Die Direksie se ledetal mag groter wees as 11 (elf) Direkteure, maar mag nie 15 (vyftien) Direkteure oorskry nie.
- (d) Indien enige *ex officio* Direkteur afgedank word of indien daar hangende dissiplinêre stappe teen hom/haar is, sal hy/sy outomaties verwyder word as 'n Direkteur en geen besluitneming reg hê ten opsigte van die Direksie hangende die beslissing van die dissiplinêre verhoor.
- (e) Lede en Direkteure wat genomineer word om 'n sekere skool te verteenwoordig moet ten minste 1 (een) ingeskrewe kind hê in daardie spesifieke skool gedurende die jaar waarin hy/sy verkies word tot die Direksie. Die Voorsitter sal verantwoordelik wees vir die samestelling van die Direksie en sal die diskresie hê om af te wyk van die bepalings van klousule 4.1(b)(iii) indien daar nie geskikte kandidate vir die posisie is nie.
- (f) Die Skoolhoofde en Uitvoerende Hoof sal hulle amp hou as Direkteure *ex officio*. Die Voorsitter van die Direksie sal aangestel word by wyse van 'n meerderheid stem deur die Direksie, maar moet 'n Lid of gekoöpte Direkteur wees en nie 'n Direkteur *ex officio* nie.
- (g) Direkteure sal dien vir 'n periode van 3 (drie) jaar, waarna hulle moet bedank. 'n Direkteur mag egter homself/haarself beskikbaar stel vir herkiesing vir 'n verdere periode van 3 (drie) jaar.
- (h) Die Direksie mag in hul alleen diskresie verdere gekoöpteerde Direkteure aanstel, welke Direkteure vir 'n spesifieke doel aangestel mag word, of om 'n spesifieke taak te verrig, of vir 'n spesifieke tydperk. Sulke Direkteure hoef nie Lede van die Maatskappy te wees nie.
- (i) Gekoöpteerde Direkteure mag verwyder word van die Direksie by wyse van 'n meerderheidstem indien daardie Direkteur nie voldoen het aan

die Gedragskode van die Maatskappy, of enige bepalings vervat in die Wet en hierdie Akte oortree het.

#### **4.2 Magte van die Direksie**

Die magte verleen aan die Direksie om die Maatskappy se besigheid te bedryf word beperk deur die Gedragskode vir Direkteure, soos gewysig van tyd tot tyd.

#### **4.3 Direksie vergaderings**

- (a) Die magte van die Direksie is nie andersins beperk nie.
- (b) Die Direksie se voorneme om 'n vergadering te belê moet deur ten minste 25% van die Direkteure versoek word.
- (c) Die Direksie se magte om 'n vergadering te hou of om voorsiening te maak vir deelname in 'n vergadering by wyse van elektroniese kommunikasie word nie beperk deur hierdie Akte nie.
- (d) Die Direksie se magte om die formaat van kennisgewings ten opsigte van vergaderings te bepaal word nie beperk deur hierdie Akte nie.
- (e) Die magte van die Direksie om voort te gaan met 'n vergadering ten spyte daarvan dat behoorlike kennisgewing van die vergadering nie gegee is nie, word beperk tot die mate dat 1 (een) *ex officio* Direkteur en 3 (drie) Direkteure wat ook Lede is, teenwoordig moet wees by die vergadering.
- (f) Die kworum vir 'n Direkteursvergadering om voort te gaan, die stemreg en die vereistes vir die goedkeuring van 'n besluit by so 'n vergadering is 4 (vier) Direkteure waarvan 1 (een) 'n *ex officio* Direkteur moet wees.
- (g) Indien enige Direkteur wat ook 'n Lid is nie ten minste 80% van die geskeduleerde vergaderings gedurende 'n periode van 12 (twaalf) agtereenvolgende maande bywoon nie, sal daardie Direkteur outomaties geskors word en verwyder word as 'n Direkteur. Enige sulke opening mag gevul word deur die Direksie, indien benodig.

#### **4.4 Beampte en Komitees**

- (a) Die Direksie mag enige beamptes aanstel indien hulle van mening is dat sulke beamptes benodig word om die doelwitte van die Maatskappy te bereik.

- (b) Die magte van die Direksie om komitees of direkteure aan te stel en om aan hulle enige van die Direksie se magte te verleen, of om persone wat nie Direkteure is tot die komitees te verkies, sal nie beperk word deur hierdie Akte nie.
- (c) Die magte van 'n komitee aangestel deur die Direksie sal nie beperk word deur hierdie Akte nie.

## **Artikel 5 – Algemene Voorwaardes**

### **5.1 Openbare Wins Instansie**

Die Maatskappy is 'n Openbare Wins Instansie soos bepaal ingevolge Artikel 10(1)(cN) met Artikel 30 van die Inkomste-belastingwet ten tyde van die goedkeuring van hierdie Akte.

### **5.2 Kennisgewing**

- (a) Elke Lid van die Maatskappy kies as sy/haar *domicilium citandi et executandi* die adres:
  - i) wat hul genomineer het om die Maatskappy se maandelikse rekeninge ten opsigte van hul ingeskrewe kind te ontvang; of
  - ii) die epos adres wat hul genomineer het om die Maatskappy se maandelikse rekeninge ten opsigte van hul ingeskrewe kind te ontvang.
- (b) Nieteenstaande wat hierbo uiteengesit word, sal dit aanvaar word dat voldoende kennis gegee is indien 'n Lid se kind 'n geskrewe kennis ontvang het by die skool.

### **5.3 Gesertifiseerde afskrif van Akte**

- (a) Die Direksie sal verplig wees om hierdie Akte te vertaal na Afrikaans binne 60 (sestig) dae vanaf die datum waarop hierdie Akte aangeneem word.
- (c) 'n Gesertifiseerde afskrif van hierdie Akte sal ten alle tye beskikbaar wees by die skool.

### **5.4 Oplossing van Geskille**

- (a) Die Direksie is by magte om enige geskil wat voortvloei uit hierdie Akte, insluitende die afdwingbaarheid van enige bepalings hierin vervat, te verwys vir arbitrasie.

- (b) Enige geskil soos bedoel in hierdie klousule sal ontstaan sodra die Direksie die relevante partye skriftelik in kennis gestel het van die geskil en oplossing van die geskil versoek het ingevolge hierdie klousule.
- (c) Hierdie aangeleentheid sal binne 10 (tien) besigheidsdae nadat sulke kennisgewing ontvang is, verwys word vir arbitrasie soos hieronder uiteengesit.
- (d) 'n Versnelde arbitrasie sal ingevolge die bepalings van 'n versnelde arbitrasie soos bepaal deur die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika ("AFSA") gehou word voor 1 (een) arbiter waarop ooreengekom is tussen die Direksie en die relevante party(e) tot die geskil. Indien die partye nie op 'n arbiter kan ooreenkom binne 10 (tien) dae vanaf die datum waarop die geskil verwys is vir arbitrasie nie, sal die arbiter aangestel word deur AFSA se sekretariaat.
- (e) Die arbiter se besluit sal finaal en bindend op die partye wees. Die partye sal nie 'n reg om teen die arbiter se besluit te appélleer nie.
- (f) Ten spyte van die bepalings vervat in hierdie klousule, sal enige party geregtig wees om 'n geskikte hof te nader vir tussentydse regshulp ten opsigte van dringende aangeleenthede hangende die finalisering van hierdie arbitrêre prosedure.